

REPUBLIC
OF
SOUTH AFRICA



REPUBLIEK
VAN
SUID-AFRIKA

Government Gazette Staatskoerant

Regulation Gazette

No. 6051

Regulasiekoerant

Vol. 389

PRETORIA, 21 NOVEMBER 1997

No. 18453

GOVERNMENT NOTICE GOEWERMENTSKENNISGEWING

DEPARTMENT OF HOME AFFAIRS DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. R. 1564

21 November 1997

SOUTH AFRICAN PASSPORTS AND TRAVEL DOCUMENTS ACT, 1994
(ACT No. 4 OF 1994)

THIRD AMENDMENT OF THE PASSPORTS AND TRAVEL DOCUMENTS REGULATIONS

The Minister of Home Affairs has, under section 4 of the South African Passport and Travel Documents Act, 1994 (Act No. 4 of 1994), made the regulations set out in the Schedule.

SCHEDULE

Definition

1. In this Schedule "the Regulations" shall mean the South African Passports and Travel Documents regulations, published under Government Notice No. R. 784 of 10 May 1996, as amended by Government Notice No. R. 1027 of 21 June 1996 and Government Notice No. R. 580 of 11 April 1997.

Amendment of regulation 16 of the Regulations

2. Regulation 16 of the Regulations is hereby amended by the substitution for subregulation (2) and (3) of the following subregulations:

"(2) No fees shall be payable in respect of an official passport, a crew member certificate, an emergency passport issued to a person referred to in regulation 2(3) or for the renewal of a passport referred to in regulation 17(3).

(3) The fees payable in respect of the replacement of a lost, stolen or damaged South African passport, child passport or document for travel purposes referred to in subregulation (1) and a passport referred to in regulation 17(3) shall be twice the amount prescribed in the said subregulation: Provided that in instances where the document referred to was lost, stolen or damaged through no negligence on the part of the holder, only the normal fee shall be payable".

Substitution of regulation 17 of the Regulations

3. The following regulation is hereby substituted for regulation 17 of the Regulations:

"Repeal and savings

17. (1) The regulations issued by Government Notice No. R.1326 of 27 July 1994 are hereby repealed.

(2) Subject to subregulation (3), any passport or travel document issued under the regulations referred to in subregulation (1), or issued in terms of the presidential prerogative operative before the regulations referred to in the said subregulation (1) came into operation, shall remain valid until the date of expiry indicated thereon.

(3) South African passports, excluding passports for official purposes, issued before or after the commencement of the regulations issued by Government Notice No. R.1326 of 27 July 1994, but before the commencement of the regulations issued by Government Notice No. R.784 of 10 May 1996, with a period of validity of less than 10 years, may be renewed for a further period at the discretion of the Director-General: Provided that such extended period, when added to the original period of validity, and any other extended periods of validity, shall in total not exceed a period of 10 years.

(4) Regulation 3(1), 3(2)(a)(i) and (ii) and (b)(ii), 3(3)(a),(b),(c),(i),(j),(k), 4, 7, 14 and 15 shall apply *mutatis mutandis* to the renewal of passports referred to in subregulation (3)".

Short title

4. These regulations shall be called the Third Amendment of the South African Passports and Travel Documents Regulations, 1997.

No. R. 1564**21 November 1997**

WET OP SUID-AFRIKAANSE PASPOORTE EN REISDOKUMENTE, 1994
(WET No. 4 VAN 1994)

DERDE WYSIGING VAN DIE PASPOORTE EN REISDOKUMENTE REGULASIES

Die Minister van Binnelandse Sake het, kragtens artikel 4 van die Wet op Suid-Afrikaanse Paspoorte en Reisdokumente, 1994 (Wet No. 4 van 1994), die regulasies in die Bylae uiteengesit, uitgevaardig.

BYLAE**Woordomskrywing**

1. In hierdie Bylae beteken "die Regulasies" die Suid-Afrikaanse Paspoorte en Reisdokumente Regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No.R.784 van 10 Mei 1996, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing No.R.1027 van 21 Junie 1996 en Goewermentskennisgewing No.R.580 van 11 April 1997.

Wysiging van regulasie 16 van die Regulasies

2. Regulasie 16 van die Regulasies word hierby gewysig deur subregulasies (2) en (3) met die volgende subregulasies te vervang:

"(2) Geen gelde is betaalbaar ten opsigte van 'n amptelike paspoort, 'n bemanningslid-sertifikaat, 'n noodpaspoort uitgereik aan 'n persoon bedoel in regulasie 2(3), of vir die hernuwing van 'n paspoort bedoel in regulasie 17(3).

(3) Die gelde betaalbaar ten opsigte van die vervanging van 'n verlore, gesteelde of beskadigde Suid-Afrikaanse paspoort, kinderpaspoort of dokument vir reisdoeleindes bedoel in subregulasie (1) en 'n paspoort bedoel in regulasie 17(3), is twee maal die bedrag wat in die gemelde subregulasie voorgeskryf word: Met dien verstande dat in die geval waar die dokumente waarna verwys word verlore, gesteel of beskadig geraak het sonder enige nalatigheid aan die kant van die houer, slegs die normale gelde betaalbaar is."

Vervanging van regulasie 17 van die Regulasies

3. Regulasie 17 van die Regulasies word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"Herroeping en voorbehoude

17. (1) Die regulasies uitgevaardig by Goewermentskennisgewing No.R.1326 van 27 Julie 1994, word hiermee herroep.

(2) Behoudens subregulasie 3, bly 'n paspoort of reisdokument uitgereik kragtens die regulasies bedoel in subregulasie (1), of uitgereik kragtens die presidensiële prerogatief wat in werking was voor die inwerkingtreding van die regulasies bedoel in subregulasie (1) geldig tot die vervaldatum daarin aangedui.

(3) Suid-Afrikaanse paspoorte, uitgesluit paspoorte vir amptelike doeleindes, uitgereik voor of na die inwerkingtreding van die regulasies uitgevaardig by Goewermentskennisgewing No. R.1326 van 27 Julie 1994, maar voor die inwerkingtreding van die regulasies uitgevaardig by Goewermentskennisgewing No.R.784 van 10 Mei 1996, met 'n geldigheidsduur van minder as 10 jaar, mag vir 'n verdere tydperk volgens die diskresie van die Direkteur-generaal hernu word. Met dienverstande dat sodanige verlengde tydperk wanneer bygereken by die oorspronklike geldigheidsduur en enige ander verlengde geldigheidsduur, nie 'n tydperk van 10 jaar oorskry nie.

(4) Regulasie 3(1), 3(2)(a)(i) en (ii) en (b)(ii), 3(3)(a), (b),(c),(i),(j),(k), 4, 7, 14 en 15 is *mutatis mutandis* op die hernuwing van paspoorte bedoel in subregulasie (3) van toepassing."

Kort titel

4. Hierdie regulasies heet die Derde Wysiging van die Suid-Afrikaanse Paspoorte en Reisdokumente Regulasies, 1997.

CONTENTS**INHOUD**

<i>No.</i>		<i>Page No.</i>	<i>Gazette No.</i>	<i>No.</i>		<i>Bladsy No.</i>	<i>Koerant No.</i>
GOVERNMENT NOTICE				GOEWERMENTSKENNISGEWING			
Home Affairs, Department of				Binnelandse Sake, Departement van			
<i>Government Notice</i>				<i>Goewermentskennisgewing</i>			
R. 1564	South African Passports and Travel Documents Act (4/1994): Third Amendment of the Passports and Travel Documents Regulations	1	18453	R. 1564	Wet op Suid-Afrikaanse Paspoorte en Reisdokumente (4/1994): Derde Wysiging van die Paspoorte en Reisdokumente Regulasies	2	18453